

Foli-Energy

Die **Foli-reeks** is hoë kwaliteit wateroplosbare blaarvoedingsprodukte.

Foli-Energy bevat Fosfaat (P), Stikstof (N), Magnesium (Mg) en die ses belangrikste mikro-elemente (Cu, Fe, Mn, Zn, B, Mo).

Belangrikste funksies van elemente is soos volg:

Elemente in **Foli-Energy** stimuleer wortel- en vegetatiewe groei (N en P) en beskerm die plant teen omgewings- en fisiologiese stress deur ekstra energie te voorsien (P), chlorofil te beskerm (Mg) en die plant se anti-oksidadant sisteem te ondersteun (mikro-elemente).

Fosfaat is betrokke by die berging en oordrag van chemiese energie wat gebruik word vir groei en voortplanting. Fosfaat stimuleer saadontwikkeling en wortelvorming en bevorder saadproduksie.

Stikstof is 'n noodsaaklike komponent van alle proteïene, chlorofil en baie ensieme en is dus noodsaaklik vir groei.

Magnesium is die sentrale, kernelement in die chlorofil molekule (groen van plante) en baie belangrik vir fotosintese. Dit dien as 'n aktiveerder van baie plantensieme wat benodig word in groei-prosesse.

Swael speel 'n belangrike rol in die vorming van chlorofil, oliesintese en is noodsaaklik vir S-bevattende aminosure, wat die boustone van proteïene is.

Gedurende stress toestande (bv. koue, hitte, hoë voedingsbehoefte) verhoog die vlakke van vry radikale in plante en kan tot beduidende skade aan selstrukture lei. **Mikro-elemente** is baie belangrik vir die funksionering van die anti-oksidadant sisteem wat plante teen hierdie vry radikale beskerm.

Toediening kan onder stress toestande herhaal word om plante te beskerm.

Sput die aanbevole dosisse opgelos in 200 L/ha water

Klaar uit met chemiese agente, voor gekombineer word met chemie.

Foli-Energy Samestelling

g/kg				mg/kg					
N	P	Mg	S	Fe	Mn	Zn	Cu	B	Mo
91	198	34	47	1724*	1724*	2585*	862*	1724	172

* EDTA Cheleerd

GEWAS	PRODUK	TOEDIENINGSRIGLYN (KG/HA)		TYD VAN TOEDIENING
		DROËLAND	BESPROEING	
Mielies	Foli-Energy	3	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-Quality	3	6	6 Weke na Opkoms
	Foli-CaB	3	6	8 Weke na Opkoms
Sonneblom	Foli-Energy	3	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-CaB+Mo	4	6	Ster Stadium
Sojabone	Foli-Energy	4	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-CaB+Mo	4	6	6 Weke na Opkoms
	Foli-Quality	4	6	80% Peul Vol
Suikerbone	Foli-Energy	4	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-Quality	4	6	6 Weke na Opkoms
	Foli-CaB+Mo	4	6	80% Peul Vol
Grondbone	Foli-Energy	4	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-CaB+Mo	4	6	6 Weke na Opkoms
	Foli-Quality	4	6	8 Weke na Opkoms

